

9 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Die verseëldede boek van God se regeringsplan

Ons as mense is dikwels raadop omdat ons nie kan sien hoe al die goddelose magte wat teen God en die gelowiges staan, oorwin kan word nie. Maar God het wel 'n plan. Dit is egter soos 'n boek wat verseël is. Johannes begin huil omdat niemand die plan van God oor hoe al die vyande oorwin kan word in werking kan stel nie.

Dan kom daar wel iemand. Hy is die Leeu uit die stam van Juda waarvan Jakob gepraat het (Gen 49). Maar Hy is ook 'n Lam. Sy krag lê in sy selfoffer!

As die ouderlinge en die vier lewende wesens dit hoor, begin hulle te sing. Hulle lofsang is tegelyk die antwoord op die gebede van die gelowiges wat in 'n goue wierookbak opgevang is. Ook die miljoene engele sing van die Lam wat geslag is. Kan ons ook saam sing? Ja, want hierdie Lam wat geslag is, het die offer in ons plek gebring en Hy maak van ons 'n koninkryk van priesters. Ja, die Lam is in ons plek geslag. Hy het oorwin. Hy het selfs die dood oorwin.

As jy soms in jou smart wil huil en jou tranes op die bladsye van die Bybel neerdrup, onthou dan tog: Daar is iemand wat God se plan uitvoer en wat al die magte oorwin het. Vertrou op Hom ook in jou swakheid.

Sing: Skrifberyming 8:4,5

Dr B Duvenage (Emeritus)